Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas

Jaargang 16 no 8

Augustus 2007

Tema: Sending en Evangelisasie in Suid-Afrika

- **Die Kenmerke en doel van "Gereformeerde" sending in Suid-Afrika . 2**
- **Sendingsmetodiek: die volwasse man as 'n visie en strategie 4**
- **Facing the problems in mission work 7**
- Evangelisasie begin in die gesin 9
- Is De la Rey ook onder die profete? 11
- Ds C Spoelstra "Niks minder as reg nie!" 13
- Naamsveranderings – waaroor die ophef? 17
- Ons Sendingsroeping (2) 19

SENDING : Die lewende God se geduldige bemoeienis met die wêreld

Sending is iets wat ons dikwels uitsluitend assosieer met die Nuwe Testamentiese tydperk. Ons dink dan aan die opdrag van die Here Jesus Christus in Matthéüs 28:19 : "*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."*

Tog val dit my hoe langer hoe meer op dat sending integraal deel is van die hele Skrif. Ook die Ou Testament handel uit en uit oor sending. In die allereerste plek moet ons dan dink aan hoe die lewende God uitgereik het na die volk Israel. Hy het hierdie volk uitverkies om 'n verbond met hulle te sluit, nie omdat hulle beter was nie. Hulle was ook heidens van oorsprong, en dit het eeue geduur om die heidendom onder hulle uit te roei.

In die Ou Testament kan 'n mens van twee uittogte praat. Die uittog van die volk Israel uit Egipte is baie bekend. Maar tog het hier 'n uittog aan voorafgegaan wat veel ingrypender was. Dit word kernagtig saamgevat in Josua 24:2 : "*Oorkant die Eufraat het julle vaders van oudsher gewoon – Tera, die vader van Abraham en die vader van Nahor, en hulle het ander gode gedien. Maar Ek het julle vader Abraham van oorkant die Eufraat af geneem...*" Abraham moes nie net sy vader se huis verlaat nie, maar – veel ingrypender – hy moes ook die afgode agterlaat. En hy moes die pad gaan wat die lewende God hom sou wys, slegs in vertroue op Hom. Deur die hele Ou Testament sien ons dat God se volk dikwels daarna gehunker het om hierdie paadjie weer terug te loop. Vir Abraham was dit 'n harde leerskool om net op hierdie lewende God te vertrou in plaas daarvan om die hef in eie hande te neem: byvoorbeeld deur te maak of sy vrou sy suster was, deur by sy slavin 'n kind te verwek omdat hy nie op die kind kon wag wat die lewende God beloof het nie, en veral die beproewing om bereid te wees om sy eie seun Isak te offer. So sien ons hoe die geduldige God nie opgehou het om Hom met Abraham te bemoei nie. Om dit in hedendaagse terme te sê: deur skade en skande het Abraham gedurende sy lewe deur die proses van 'kerstening' gegaan. Sodanig dat hy teen die einde van sy lewe sy dienskneg dit op die hart gedruk het om sy seun Isak nooit weer terug te neem na die land van sy vaders en - geïmpliseer daarby – die afgode van sy vaders nie.

Hierdie selfde proses van 'kerstening' sien ons ook by die volk Israel. Die Ou Testament is 'n aaneenskakeling van voorbeelde hoe hierdie volk daarna gehunker het om die paadjie terug te stap na die afgode toe. Ná die uittog liewers weer terug na Egipte... Liewers 'n goue kalf... Liewers nie al die inwoners van Kanaän uitroei nie, maar met hulle ondertrou en deel kry aan hul Baäl- en Astarte-kultusse... Want die afgode was mos die aangewese instansies om te sorg vir reën in Kanaän...?

Hierteenoor sien ons in die Ou Testament hoe die lewende God geduldig en onvermoeid voortgegaan het om sy volk lastig te val. Profeet na profeet het Hy na sy volk gestuur om hulle weg te trek van die heidendom af. Om hulle te konfronteer met die valsheid en onbetroubaarheid van die sekerheid wat die afgode voorhou. So het God self sy volk 'gekersten'. Telkens was Hy weer bereid om sy verbond te hernuwe, telkens as Hy die volk weer met hulle neus op die feite gedruk het. Dink maar aan die groot wedstryd tussen die lewende God en die afgode by die berg Karmel, tussen die ware profeet Elia en die Baälpriesters. Elia was sterk in die minderheid, maar die lewende God het hom bygestaan. Wanneer ons vandag met dieselfde eeue-oue sendingswerk in Afrika besig is, is dit vir ons ook tot vertroosting. Al is ons maar 'n klein groepie, wie aan die kant van die lewende God staan, vermag veel.

Ds Pieter Boon

DIE KENMERKE EN DOEL VAN "GEREFORMEERDE" SENDINGWERK IN SUID-AFRIKA

Dr Hannes Breytenbach

TEMA: SENDING EN EVANGELISASIE IN SUID-AFRIKA

"Gereformeerde" sendingwerk in Suid-Afrika

Sendingwerk het 'n gelade betekenis. Dit kom van die *beskawingsvoorwaardes* wat aanvanklik in die sewentiende eeu gegeld het vir die opneem van bekeerlinge in die gemeente. Heidene moes eers die Nederlandse taal aanleer en leer lees en skryf in 'n oefenhuis, 'n gebou langs die kerkgebou, voordat hulle by die gemeente gevoeg is. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) se sendingbeleid van 1935 vertoon duidelike verbindings tussen die "blanke" samelewing se sig op die ontwikkeling en selfstandigheid van volke (en rasse) en selfstandige sendingkerke (en kerkverbande).

Die begrip "sendingwerk" en die inbeelding daarvan is in 'n groot mate beïnvloed deur die beweging van *genootskaplike sendingwerk* vanaf die agtiende eeu. Dit het ons sig op die saak van sending in Suid-Afrika gekleur. Ook die Kaapse (Nederduitse Gereformeerde) Kerk het sy sendingwerk so gaan inklee, spesifiek op die patroon van die Rynse Sendinggenootskap. Die beweging van die genootskaplike sending en die opwekkingsbewegings het die aksent geplaas op die bekering van die indiwidu en 'n gepaardgaande entoesiasme en aktivisme. Die opdrag van Matthéüs 28 is verklaar as 'n bevel aan indiwiduele gelowiges en groepies sendingvriende. Hierdie teks word dan die motivering en aanwysing vir die *doen* van sendingwerk.
Op die voetspoor van die begrip van die kerklike *apostolaat* in die Nederlandse Hervormde Kerk, en as gevolg van *'n kritiese beskouing van die Skrif,* het in Suid-Afrika by teoloë in kerke van gereformeerde belydenis die opvatting ontstaan dat die kerk net bestaan *ter wille van die wêreld.*

Die gereformeerde beskouing in Nederland

Die gereformeerde verstaan van sendingwerk in ons land is nou verbind aan die ontwikkeling in Nederland. Die werk wat in die sewentiende eeu in die Ooste in verband met die VOC ontstaan het, het op die voetspoor van Voetius die *bekering van die heidene, die plant van kerke* en die *eer van God* voorop gestel. Sending is *apostoler begrond,* naamlik dat deur die verkondiging van die evangelie geloof gewerk word. Daarom was daar altyddeur klem op die *amptelike* en *kerklike karakter* van sendingwerk. Sending is altyddeur begrond in die sending van God en met die doel om God te verheerlik, *sonder* om dit uit te diep.

Gelukkig het die *Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika* uit die staanspoor sending beskou in die lyn van Voetius, Abraham Kuyper en JH Bavinck. Veral die beskouing van *Kuyper* het ons baie gehelp. Hy het op 'n Sendingkongres in 1890 te Amsterdam dit so gestel: *alle sending vloei voort uit die soewereiniteit van God.* Deur hierdie belydenis word sy soewereiniteit geëer. Dit is verder uitgewerk in die besluite van die Sinode van Middelburg 1896. God Self wys die weg. Hy stuur en wys die mense aan wat Hy stuur en tot wie Hy stuur en hoe Hy stuur.

Die beginsel is dat die Here *voorgaan.* So lees ons reeds in die Ou Testament - waar Hy met die wolk sy volk voorgaan. Ek is julle God. Ek het julle uitgelei. Ek gee julle My land. Hy kon so naby sy volk kom omdat Hy sy belofte gee onder die versoendeksel: die vergewing van sonde deur die komende Christus. En toe Christus die vergewing van sonde tot stand gebring het, kon God in Hom sy volk verder voorgaan. Hy is die Lam. Sonder Hom kan sending nie gebeur nie, sonder Hom is die regte verhouding met God nie moontlik nie.

Die hoogste doel is die verheerliking van God. Dit kom duidelik uit waar dit verlorenes tot redding lei. Maar dit kom ook uit waar dit tot verharding lei. Christus preek die evangelie ook waar dit nie geglo word nie.

Alle sending is gehoorsaamheid aan God se bevel. Die inhoud van die boodskap is ook geen uitnodiging nie, maar bevel: bekeer julle en glo. Dit gaan uiteindelik nie om wat die mens wil of nie wil nie. Maar dit gaan om die reg van God, die Skepper en Besitter wat die enige ware God is.

Die vraag vir die sending is: *Wie is God?* Die antwoord: Hy wat deur sy Gees in sy Seun geopenbaar is. Hy wat deur sy Seun ons aanneem om sy kinders te wees.

Die *amptelike karakter* van die werk is duidelik: God stuur met outoriteit en met mag. Hy stuur sy Seun. Hy alleen is en bly die Gestuurde van die Vader. Maar as die Gestuurde het Hy die outoriteit om dit uit te voer deur wie Hy daarvoor aanwys en bemagtig. Die offisiële magtiging beteken die roeping en bevestiging in 'n kerklike amp. Ook die gelowige belyers is *ingeskakel*, maar hulle werk is geen sending nie. Omdat sendingwerk 'n roeping van Christus en daarom 'n kerklike amp is, naamlik dié van missionêre dienaar van die Woord, moet dit ook verbind word aan 'n plaaslike kerk.

Die kerkverband *kan betrek* word. Maar die plaaslike kerk stuur uit. Die werkomskrywing is bediening van God se Woord en *nie* dinge soos mediese diens en onderwys nie. Die *volk* wat bedien word, se volksbewussyn moet omgekeer

word en gesindhede verander word; die evangelie word gerig op mense in hulle volksverband.

Aantekeninge

In *beginsel* kan gereformeerde sendingwerk vandag steeds hiermee identifiseer. Tog moet *krities* vanuit die lees van die Skrif in ons eie tyd sekere aksente gelê word.

1. Die beskouing van sendingwerk soos deur Kuyper voorgedra, is *optimisties.*
2. Daar word wesenlike onderskeid gemaak tussen die werk van die ampsdraers en die werk van die gewone gemeentelede - dit loop uit op *geykte onderskeidings* tussen sending en evangelisasie.
3. Sending word dan ook te kunstig beskrywe as die werk om die Woord te verkondig, gelowiges te vergader, hulle te leer, en uiteindelik ampte in te stel en siedaar – 'n selfstandige gemeente. Daarmee is sending *voltooi.*
4. Die voorwerp van sending, naamlik mense en volke, word te veel *psigologies* en *gedragtelik* gesien, en nie in hulle verhouding voor God nie.
5. Sending word voltooi by selfstandigwording van 'n sendingkerk en 'n *denkbeeldige grens* tussen sending en kerk word getrek en gehandhaaf.

Teenoor die moderne ekumeniese beweging moet ons ons verantwoord oor die *eenheid wat daar in Christus is* en wat nagestreef moet word. Oor die gehoorsaamheid van *èn* kerklidmate *èn* buitestaanders. Oor die prinsipiële opdrag aan God se volk om te *evangeliseer deur aan te trek* deur die *regte houding en gesindheid,* waar die *skeiding* van sending/evangelisasie/ekumene *nie* meer gehandhaaf kan word nie.

1. Uit die aanvaarding van die hele Skrif as God se Woord en die *onverbreeklike eenheid* van Ou en Nuwe Verbond as die voortgang van die *een geskiedenis* van die heil in Christus te lees, word die *soewereiniteit en die sending van God* 'n opgawe wat veel *dieper* nagevors en bedink moet word.
2. Die *missionêre gemeente* kom op die voorgrond. Kunsmatige grense tussen sending en kerkwees verval. Hierin help die kerkgeskiedenis ons ook. Wat het die kerk- en leerstryd in Nederland rondom 1944 te maak met sending? En die NGK met sy dogter-kerkverbande? Alles. Kerkwees en sendingwerk kan nie liniêr afgebaken word nie. Evangeliseer is die *taak van Christus se gemeente.* Hierin gee die besondere ampte die *leiding.*
3. *Ware (Skriftuurlike) kerkverband* is nie 'n saak wat op sendingwerk en selfstandigwording van 'n gemeente volg nie. Kerk, sending, evangelisasie, kerkverband, ekumene, teologiese opleiding, allerlei hulpverlening kom alles reeds ter sprake wanneer *God se soewereiniteit bely* word.
4. Sending is nie primêr 'n saak van gedrag en metode nie, maar van *in die regte verhouding voor God lewe* - almal, binne en buite die kerk. God het een volk uitverkies om die volke te seën en na Horn oor te haal, in gemeente-vorming en –vergadering gaan dit voort. Volk kry so 'n nuwe betekenis. Mediese sorg en onderwyshulp word aanpak van die missionêre gemeente onder leiding van die ampte. Christus werk sturend na die dag wanneer aan God *volkome* reg gedoen word.

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande plaaslike predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :** Shammah 26, Theunis Straat, Weltevredenpark 1709 - - - Tel 011 679 1646
- **Rev T Mogale :** Mamelodi - - - Tel 012 801-7937
- **Rev MP Magagula :** Soshanguve-Noord - - - Tel 012 798-1553
- **Ds P Nel :** Du Plooystraat 80, Bethal 2310 - - - Tel 017 647-6693
- **Ds E Viljoen :** Mauritiussingel 3, Stellenberg 7550 - - - Tel 021 919-9149
- **Ds HH van Alten :** Walterlaan 1295, Waverley 0186 - - - Tel 012 332-3256

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Dr JA Breytenbach :** Blackwoodstraat 12, Bellair, Bellville 7530 - - - Tel 021 919-4215
- **Ds CF Nicholson :** Patoustr 33, Amanda Glen 7530 - - - Tel 021 975-9994
- **Ds PG Boon :** Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186 - - - Tel 012 332-1028
- **Rev J Mhlanga :** Soshanguve-Suid - - - Tel 012 791-0983

SENDINGSMETODIEK: die volwasse man as 'n visie en strategie

Ds Charles Nicholson

TEMA: SENDING EN EVANGELISASIE IN SUID-AFRIKA

Inleiding

Sending, soos ons dit vind in die groot opdrag van Matthéüs 28:19, is die Here se sending van boodskappers met sy evangelie van verlossing vir die nasies. Tog begin alles nie by die groot opdrag nie, want ons bely ten opsigte van die kerk dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is ... van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader... (HK So. 21, vr. en antw. 54). Sending loop dus uit op kerkplanting. Die kerk is die draer van die blye evangelie en die opdrag om dissipels te maak, is nie vryblywend nie, maar die verantwoordelikheid is om almal te laat deel in die gemeenskap van die heiliges (HK So. 21, vr. en antw. 55). Die gemeenskap is dus met Christus, maar elke dissipel is verplig om sy gawes binne die kerk aan te wend.

God se bedoeling: die nasies

God Drie-enig het onder leiding van God die Vader die skepping goed gemaak. Hierdie skepping is egter vervloek as gevolg van die ongehoorsaamheid van Adam en Eva (Gen. 3:17). Tog het God nie die mens so veroordeel dat dit sy onmiddellike dood tot gevolg gehad het nie. Daar was nog steeds die opdrag van God aan die mens: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde" (Gen. 1:28). Dit is duidelik vanuit die skeppingsverhaal wat God se bedoeling met die aarde was, naamlik om dit te vul met mense en met nasies. Die Bybel beskryf vir ons hoe God dus handel met mense en met die nasies in die geskiedenis.

Adam en Eva se ongehoorsaamheid het ook meegebring dat God vyandskap gestel het tussen die vrou en haar saad en die slang en sy saad (Gen. 3:15). Hierdie vyandskap tussen die vrou en die slang is 'n sleutelteks in die Skrif en dit het groot implikasies vir sendingwerk. Hierdie Woord van God rondom die saak van vyandskap raak die geskiedenis van die wêreld (1)waarin God se beloftes en oordele aan die mens en aan die nasies openbaar word en (2)waar God se beloftes oorgaan in sy groot dade van verlossing en van oordeel. Hierdie dade van God in die geskiedenis is derhalwe heilshistories, want dit gaan om die heil van God wat aan mense en aan nasies regoor die wêreld bedien moet word.

Ná Genesis 3:15 fokus die hele Bybel op die uitwerk van die beloftes van God en die Moederbelofte speel in hierdie verband 'n groot rol. Ons sien hoe God in 'n toenemende mate sy beloftes laat uitwerk in die geskiedenis, maar die stryd tussen die vrou se saad en die saad van die slang loop regdeur die Skrif. Gaandeweg openbaar God aan ons wie die groot Saad van die vrou is en hoe God sy beloftes deur hierdie Saad laat realiseer. Hierdie Saad is Christus as die Seun van God en in en deur Christus kom die nasies ook tot hulle reg, en wel deur middel van die kerk.

Christus se opdrag aan sy kerk

In Christus toon God die Vader aan ons dat sy beloftes van verlossing en oordeel aan die nasies waar geword het. Maar Christus se koms bied nie net verlossing nie. Christus het ook gekom om sy kerk wat Hy van die begin van die wêreld af vergader het, verder te laat uitbrei onder leiding van sy Woord en Gees.

Wanneer Christus op aarde is, roep Hy mense om Hom te volg: sy dissipels. Hy versamel hulle rondom Hom. Alhoewel baie mense Hom gevolg het, kies Hy twaalf uit as die binnekring met wie Hy baie nou saamwerk. Hierdie twaalf (later elf) word intensief deur Christus toegerus vir hulle dienswerk op aarde. Wanneer Christus die groot opdrag aan sy dissipels gee, sê Hy baie duidelik aan hulle: "... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." Dit bring ons dus nie net by die saak van dissipelmaking uit nie, maar ook baie duidelik by die opdrag van lering en toerusting. Dit is by hierdie saak van lering en toerusting waarby hierdie artikel wil aansluit.

Die uitdaging: 'n Sendingsmetodiek

Die kerk van Christus op aarde staan voor die uitdaging om op lang termyn regoor die aarde gemeentes (kerke) te stig. Hoe gemaak, is die vraag? In hierdie oorsig wil die sendeling enkele riglyne uitstip om genoemde uitdaging aan te spreek.

In die proses om gemeentes daar te stel, word daar voortdurend aan sekere vertrekpunte vasgehou. Die vertrekpunte word geneem vanuit die Bybel as die onfeilbare Woord van God en as die volkome leer van die saligheid. Daarby hou ons ook vas aan die leer soos dit ook in die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke uitgedruk word. Verder moet die proses ook ordelik

verloop aan die hand van die Kerkorde van elke kerk.

Die proses van kerkplanting: die opbou van die liggaam van Christus tot 'n volwasse man

Die apostel Paulus skryf in Efesiërs 4:11-13 soos volg:

"En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot `n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus…"

Soos 'n volwasse man ten volle verantwoordelikheid kan en moet aanvaar vir sy eie lewe en ook vir diegene rondom hom (bv. sy gesin en famillie), so moet die kerk as volwasse gemeente verantwoordelikheid vir homself en dié wat rondom hom is, kan aanvaar.

Uit hierdie Skrifgedeelte kan daar heelwat riglyne gehaal word vir die proses om gemeentes vir Christus op die been te bring. Die werkswyse (metodiek) is om `n visie vir die werk van kerkplanting daar te stel en om 'n weg te vind (dit word hier die proses genoem) om hierdie visie te verwesenlik. Vervolgens word sekere elemente genoem vir die beplanningsproses en dit word verder uitgewerk en bespreek. Die beplanningsproses word hier die strategiese plan genoem. Om die proses van kerkplanting te rig, word daar dus gekyk na die volgende elemente binne die strategiese plan. Hierdie elemente waarna daar gekyk word, is:

- die leuse
- die visie
- die missie
- die doelstellings
- enkele doelwitte
- doelwitbeplanning (die aksiestappe)
- en deurlopende evaluering.

Die proses (vervolg): die leuse

Om `n proses soos gemeentestigting of kerkplanting te rig, is dit altyd goed om die hele proses kort en kragtig saam te vat in `n leuse. Die leuse bevat jou ideaal. Dit dien soos `n slagspreuk. Dit is gebaseer op jou vertrekpunte en jou oortuiging. Vir hierdie proses word daar aangesluit by Efesiërs 4:11-13. Die leuse kan dan soos volg geformuleer word:

LEUSE: Groei tot `n volwasse man in Christus.
Om op die lang termyn tot kerkplanting te kom, moet daarna gestrewe word om die gemeente te begelei tot geloofsvolwassenheid. `n Gemeente wat volwasse is, is `n gemeente wat aan sekere norme voldoen, soos die aanvaarding van selfeienaarskap en selfverantwoordelikheid vir die goeie funksionering van die gemeente. Hierdie uitgangspunt is vervat in die leuse. Daar word uitgegaan van die veronderstelling dat, net soos `n volwasse man verantwoordelikheid kan aanvaar vir sy lewe, so moet `n gemeente van Christus dit ook kan doen. Daarom moet elke lidmaat kan groei tot `n volwasse man in Christus.

Die proses (vervolg): die visie

Die proses van gemeentestigting of kerkplanting moet `n duidelike visie en missie bevat. Die visie en missie is `n duidelike oortuiging, gegrond op die Woord van God, geïnspireer deur die Heilige Gees en bevestig deur medegelowiges. Hierdie oortuiging behels `n opdrag en ideaal waartoe die Here gelowiges individueel en as liggaam oproep om sy kerk en koninkryk mee te bou.

Die visie wat uit Efesiërs 4:11-13 geneem word, kan soos volg geformuleer word:

VISIE: Die kerk van Christus op aarde wil die heiliges (gelowiges) toerus vir hulle dienswerk binne die kerk van Christus, sodat almal kan kom tot die eenheid van die ware geloof en van die kennis van die Seun van God en dat hulle as volwasse lidmate kan groei tot die mate van die volle grootte van Christus.

Hierdie visie het as opdrag kerkplanting. Die ideaal is dus om 'n kerk te plant, maar om dit te doen, moet daar volwasse lidmate wees. Die lidmate moet derhalwe stelselmatig toegerus word vir hulle taak. Hulle moet vanuit die eenheid van die ware geloof diensbaar wees binne die kerk. Daar moet hulle toeneem in geloof en kennis, sodat hulle as volwasse gemeente hul plek in die samelewing kan aanvaar, hulself kan uitleef as getuies teenoor die wêreld en ook hul plek kan volstaan binne hul kerkverband.

Die proses (vervolg): die missie

Die proses moet ook `n missie bevat wat nou aansluit by die geformuleerde visie. Die missie omskryf die visie verder en dit moet die duidelike oortuiging asook die opdrag en ideaal waartoe die Here gelowiges individueel en as liggaam oproep om sy kerk en koninkryk mee te bou, bevat.

Die missie wat op Efesiërs 4:11-13 gegrond is, word nou vanuit die tradisionele diensmodi of dienswerk van die kerk soos volg geformuleer:

MISSIE: Die kerk van Christus op aarde wil in sy sendingsroeping onder die leiding van die missionêre bedienaar die gelowiges toerus vanuit die Bybel, die Belydenisskrifte en die Kerkorde, sodat lidmate vir mekaar verantwoordelikheid kan aanvaar op die terrein van volgehoue Woordverkondiging (prediking) binne die gereelde eredienste (liturgie); die kerklike dienswerk vanuit die barmhartigheidsdiens (diakonaat); die geestelike sielsorg en herderlike sorg (pastoraat); die onderrig (lering) en toerusting (didache en kategese); die getuienislewering na buite

(sending en evangelisasie); die gemeenskapsbeoefening van die gelowiges (koinonia); die selfeienaarskap deur eie beplanning en bestuur (kubernesis); die strewe na die eenheid met kerke van gemeenskaplike belydenis (ekumene); en die sosiale verantwoordelikheid binne die gemeenskap (sosialisering).

Met die leuse, visie en missie word daar slegs in breë die raamwerk daargestel waarbinne die proses van kerkplanting moet geskied. Dit is slegs wanneer hierdie ideaal in werking gestel word dat probleemstelling en oplossing op mekaar begin inwerk om te kom tot die verwesenliking van die ideaal. Daar word dan beweeg in die rigting van konkretisering. Om jou ideaal te konkretiseer, moet jy jou visie en missie in realistiese doelstellings kan formuleer. Jou doelstellings word nagejaag deur die bereiking van sekere doelwitte. Die doelwitte vra konkrete aksiestappe. Die proses moet deurlopend geëvalueer word om te kyk of die visie nog korrek nagestreef word en of dit nog realisties bereikbaar is.

Vervolgens word daar nou gekyk na die volgende stappe in die proses om die visie en missie `n werklikheid te maak.

Die proses (vervolg): die doelstellings

`n Doelstelling: dit is breed en algemeen en dit verduidelik God se doel met die kerk. Die daarstelling van elkeen van die diensterreine (diensmodi) van die kerk is doelstellings. Dit is die blywende aktiwiteite van die kerk wat as langtermyn-projekte op die agenda van die kerk bly.

DOELSTELLINGS: Die kerk van Christus op aarde wil onder leiding van die missionêre bedienaar homself ten doel stel om saam met die gelowiges stelselmatig vanuit die Bybel, die Belydenisskrifte en die Kerkorde die verskillende diensmodi vir die volledige funksionering van die kerk daar stel.

Hierdie doelstellings is deurslaggewend vir enige gemeente wat volwasse in Christus wil wees. Met uitsondering van enkele diensmodi kan institutuering plaasvind as die wesenlike diensmodi daargestel is. Elkeen van hierdie diensmodi kan ook weer op hul beurt strategies aan die hand van `n proses benader word, byvoorbeeld: die gemeente het `n visie om te sorg vir goeie prediking.

Die proses (vervolg): die doelwitte en doelwitbeplanning

`n DOELWIT: dit is `n konkrete aksie wat `n spesifieke aspek van `n doelstelling ten uitvoer bring. Dit moet realisties-bereikbaar wees, binne `n bepaalde tydskedule begin en voltooi kan word en aandui wie betrokke is. Dit moet meetbaar wees en geëvalueer kan word, met ander woorde dit moet aantoon wat bereik wil word.

DOELWITBEPLANNING behels op sy beurt weer die aksiestappe. Om die doelstellings te bereik, verg beplanning en bepaalde aksiestappe. Dit kan onder andere soos volg daar uitsien:

- Wie is verantwoordelik?
- Watter lidmate is betrokke?
- Waar gaan dit plaasvind?
- Wanneer begin dit en tot wanneer duur dit?
- Hoe gaan dit aangebied word?
- Watter materiaal is nodig en wat is die koste daaraan verbonde?
- Hoe word die evaluering, verslaggewing en opvolgwerk gedoen?

Hierdie aksiestappe is van toepassing by die hele proses van kerkplanting. Daar moet by elkeen van hierdie doelstellings sekere doelwitte geformuleer word en hierdie doelwitte moet stap vir stap deurgevoer word.

Die proses (vervolg): die deurlopende evaluering

Die proses van kerkplanting is `n deurlopende saak wat gemonitor moet word. Daar moet daarna gestreef word om die doelstellings te verwesenlik. Deurlopende evaluering stuur/rig ook die proses in dié sin dat dit toesien of daar nog op koers gebly word ten opsigte van dit wat die deelnemers aan die proses vir hulself uiteengesit het by die aanvang van die hele saak. Hierdie aspek van die proses kan gesien word in die lig van twee begrippe wat genoem word FASILITERING EN VISIOENERING.

Fasilitering: dit is die begeleidingsproses wat die gemeente help om hulle bestaan te verstaan vanuit die Godgegewe roeping vir hulle (die gelowiges) as kerk op aarde. Konkreet beteken dit binne die bestek van hierdie opdrag om die visie deurlopend te begelei en om toe te sien dat alles op koers verloop.

Visioenering is daardie aspek van die proses wat daarop gemik is om te verhoed dat die gemeente stagneer in die strewe na die verwesenliking van hulle visie. Dit is waar Moses voortdurend die volk moet herinner aan God se beloftes elke keer as hulle vasval en terugverlang na die vleispotte van Egipte. Visioenering help die gemeente om gefokus te bly en om nie mismoedig te word in gevalle van terugslae en teleurstellings nie.

Die proses van kerkplanting is `n spanpoging van almal wat by die saak van kerkplanting betrokke is. Die hele proses moet egter nooit as iets op sigself gesien word nie, maar die doel daaragter is die opbou van die liggaam van Christus, dit is die gemeente. Dit gaan dus om die deeglike funksionering van die kerk as 'n liggaam waarvan Christus die Hoof is.

Konklusie

Met hierdie artikel is daar gepoog om denke rondom sendingsmetodiek te stimuleer vanuit die diensmodi van die kerk van Christus op aarde. Die uitgangspunt is lering en toerusting soos wat Christus dit met sy dissipels gedoen het. Toe Christus opgevaar het na die hemel, het die dissipels verantwoordelikheid aanvaar vir die kerk op aarde. Dit is vandag nog steeds ons roeping as gelowiges, maar dan moet dit op 'n verantwoordelike wyse kan geskied soos wat 'n volwasse man dit moet doen.

FACING THE PROBLEMS IN MISSION WORK

Rev Jerry Mhlanga

TEMA: SENDING EN EVANGELISASIE IN SUID-AFRIKA

The topic entrusted to me is one in which a person may struggle to write about; not that there are no things to write about, but that there is too much. This is the problem when one tries to write about problems in mission work. This makes it difficult then to choose. One can approach this topic from different angles; however they all come down to two things, theory and practice. So the approach I will take is blending the two, since I am fully convinced that the two are linked together in a way that it becomes difficult to separate. Therefore I will try to demonstrate how the daily living of the people is influenced by their theology. At the same time one must remember that what is said here, is not all there is on this topic; I only give you a fraction and I hope it will give you a picture.

God and Ancestors; The Missionary and Sangoma

It is a known fact that among the 'Africans' God is perceived as someone who is at a distance from the people. God is not involved with creation and as a result you cannot have a personal relationship with God; to many of them God remains unknown. Therefore no normal person can claim to know God; a claim of this kind will be viewed as a lie.

The puzzling thing about this is that though they hold this believe, they still see ancestors as related with God and at the same time as two different beings working in two different spheres. This is a bit difficult to understand. However, it is reality. So life to them is merely a matter of *'good and bad luck.*' The ancestors are the ones controlling your life and not the whole universe. They only relate to you and are responsible for your life.

At the same time there may be some powerful powers which can be beyond the power of your ancestors; in this situation one does need an extra help. This comes from the Sangomas (I choose this word rather than the normal English translation 'Witch doctor' because of the fact that I do not believe that it does justice to the word 'Sangoma'). They are the ones who have the connection with the spiritual world of the ancestors and through them one can gain access to his ancestors and communicate with them.

This is not something that is done daily, for the fact that ancestors are only venerated at certain times. The indication of the time is mostly marked by disasters or problems (like, being ill for a long time, succession of death in the family, failure to find a job, etc.).

In a context where the missionary tries to combat ancestral worship, one may find himself succeeding in a sense that he may be able to withdraw people from the practice of it, but not from the way of thinking. In this context God then replaces the ancestors and the missionary becomes the Sangoma. In this case the missionary is seen to be the one having a connection with God in a way that a Christian doesn't. This is reflected very much in the daily life practice when people buy a new house, a car, getting a new job, getting a promotion, making some celebration, etc.; then the missionnary may be asked to come and pray either for the house or the car and other things. This work was normally done by a Sangoma to guarantee that no 'bad luck' will fall upon the family. Then the ancestors will be informed. In the context of the church God is then informed. This is not just a thanks-

giving event, since it means that as much as the ancestors relate with the car and the house, God relates with the car and the house. The power of God will be upon the car and the house, so the personal relationship with God is not that much emphasized.

Shame and Guilt

Another way of phrasing this heading, one can think of a culture that is an honour-orientated versus a justice-orientated culture. *Only after an offence against the community is exposed, does a person in an honour-oriented culture experience shame, while a justice-oriented person experiences guilt after transgressing the norms, even when it has not been exposed and known by the community.* In Africa, human relationships are a matter of primary importance, which determines ethical norms, modes of conduct and principles of education, so in this way the culture is more shame-orientated than guilt-orientated. Obviously every culture has both of them; the difference might be the way in which they are weighed.

Therefore in being a member of a church, one enters into a new community, and one should follow the ethics and norms of this community. In this way the law of God may be easily turned to be the law of the church – the new community one has joined. This is illustrated very clear in mission work by the fact that most people will inquire more about the law of the church than what God says in his Word. A good example is the case where we have pregnancy outside marriage. A missionary may find out that either a boy or a girl has committed sex before marriage after a long time, at times after the birth of a child. In most cases you will experience that either the young person will stop attending the church and move to live somewhere else, or when she/he has no place to go, it will only be revealed when it is visible to all that she is pregnant or in the case of a boy if he has made someone pregnant. In this case one will find out that there is a great remorse and signs of repentance; however, this may be easily motivated by the fact that they want to be accepted back at the church. This motive can be greater than that of sinning against God. The more acceptance by the community, the better for her/him. Therefore giving classes for confession to these people may be viewed as a ritual to be performed in order for a person to be accepted back; the completion might be more important than understanding the content.

Fear is the Master

One thing that is also puzzling is that when you go out to visit the people at their homes and ask about their spiritual life, you will be amazed that most of them are praying in the morning and at night before they go to sleep. At the same time, if you ask how much time they spent reading the Bible, you will find out that they hardly read it, in most cases only on Sunday. In this case you are forced to ask them about the content of their prayer, as to what shapes their prayer if they do not read their Bibles. You will realize then that prayer has turned out to be a means of protection. Prayer can easily replace the traditional things that people used for protecting themselves.
Therefore being saved may mean that one has been forbidden to use other means of protection but only prayer. Then prayer becomes a way of the church – the new community of protection. In this case praying in the evening is a form of protection against the witches who have the power to use you during the night. So if one does not pray before going to sleep, one can experience sleepless nights.
In the morning, prayer is a protection against those who want to harm you either at your place of work or those you will be meeting during the day. As a result, salvation may easily be viewed as a way of entering another level of protection than being saved from sin and being reconciled to God in Christ.

One can extend the list, for there is much that can still be said. I do think that this will suffice to show how much the missionary is facing. To combat these things is a process that cannot just be done in six months, but it is a life long process. Therefore you can understand why then seeing one person who is truly converted, brings such a great joy both in the church and in heaven. At the same time one can see the power of God in changing hearts, for this cannot be achieved through human wisdom, no human being can match that. Then it shows how much wisdom and discernment through prayer and Gods Word is needed in these situations. The work can only be done in total dependence on God and relying on His Word, as He promised: *"on this rock I will build my church, and the gates of Hades will not overcome it."* Amidst all the difficulties we do experience the reality of this promise.

EVANGELISASIE BEGIN IN DIE GESIN

Heleen Snijder

OPVOEDING EN ONDERWYS

Nie almal van ons sal aan georganiseerde evangelisasie- en sendingsprojekte saamwerk nie. Wel het ons almal ‘n taak om te evangeliseer. Ons doen dit met ons lewenshouding. Ander mense moet sien ons is anders, ons is kinders van God. Ons is immers geheilig, eenkant gesit! Dit geld nie net vir volwassenes nie, maar ook vir ons kinders. Ons moet hierdie Christelike lewenshouding aan ons kinders leer. Deur ons eie lewenshouding moet ons kinders leer hoe ons ons geloof laat uitstraal. Dit begin dus by die huis, in ons daaglikse lewe met die Here.

Ons lewenshouding behoort aan ander te wys dat ons Christene is. Die eienskappe van Christen-wees is vriendelikheid (Fil. 4:5), liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing (Gal. 5:22). Christene sien ook ander mense raak (Spr. 3:29) en is barmhartig (Sag. 7:9). Gestel ‘n besoeker in die erediens herken my vanweë my onbeskofte gedrag wat ek bv. in ‘n winkel geopenbaar het. Dan kan die predikant mooi preek, maar my vroeëre gedrag in die winkel sal die besoeker afskrik. As Christen is my houding dus belangrik. Met ons houding kan ons evangeliseer. Ons wys aan die mense dat ons anders is. Hierdie houding moet ons vir ons kinders leer.

Vir ‘n duidelike Christelike lewenshouding is Bybelstudie noodsaaklik en onontbeerlik. Om geloofsblyheid te behou, moet ons put uit die Lewensbron. Ons kinders moet sien dat die Bybel vir ons ‘n lewende Boek is. Die Bybel word gereeld gelees en is die verwysigingsbron vir alle vraagstukke in ons lewe en in die gesin. Die Bybel is dus ‘n oop boek. Ook moet ons ons kinders se Bybelkennis verbreed. Vir kleuters en laerskoolkinders moet ons die Bybelverhale vertel. Praat met hoërskoolkinders oor die Bybel. Tydens die gesin se gesamentlike huisgodsdiens is dit goed om oor die gelese Bybelgedeelte te praat. Soek in naslaanboeke as daar vrae oor die Bybelgedeelte is waarop julle nie die antwoord weet nie. Dis belangrik dat pa, ma en die kinders die Bybelstudie wat die gemeente organiseer, bywoon. Ouers moet tyd maak om die Bybelstudie by te woon.

Ons moet ons kinders leer om oor hulle geloof, oor God, te praat. Jong kinders doen dit vanself, vir hulle is dit ‘n normale saak. Soos hulle ouer word, verloor die kind sy vrymoedigheid. Hulle moet weer leer om vir hulle geloof uit te kom. Die gesinsituasie kan baie hiertoe bydra. As daar met vrymoedigheid in die gesin oor geloof en ons belewing van die geloof of vraagstukke gepraat word, leer die kinders om dit ook buite die gesin te doen. So groei kinders en ouers in die geloof. Die geloof begin vir die gesin leef. Al hoe meer Bybelgedeeltes kry betekenis en funksie in hulle getuienis.

Vir kinders is daar ook gereeld geleenthede om te getuig. In ’n geval waar bv. ‘n gimnastiekkompetisie oorvleuel met Bybelstudie, moet die kind eerlik vir die ander maats en die afrigter kan sê dat sy nie na die kompetisie kan gaan nie, omdat sy dan Bybelstudie het. As vuil grappe by die skool vertel word, moet kinders durf om vir die ander te sê dat God hartseer hieroor is. Ons kinders moet vir ander kinders kan verduidelik hoekom hulle nie op Sondag huiswerk doen nie. En so is daar baie voorbeelde waardeur ons kinders kan getuig.

Ons moet wel onthou dat nie alle kinders dieselfde is nie. Ook in geloofsgroei en geloofsopenlikheid is daar groot verskille. Elke kind het sy eie gawes. Moet asseblief nie jou kind dwing om altyd en orals te getuig nie. Ons moet ook nie ons kind dwing om aan georganiseerde evangelisasieprojekte deel te neem nie. As hy nie wil nie, los hom liewer. Anders kan die kind ‘n baie negatiewe gevoel oor evangelisasie ontwikkel.

Dit is goed om as gesin gasvry te wees. Die kinders se maatjies van die skool of die klub moet welkom wees by die huis. Die ander kinders sien en proe die Christelike lewenstyl wat by die huis heers. Daar is dalk goed waaraan hulle nie gewoond is nie. As die kinders in die middag tuis kom en bid voor hulle eet, kan die ander dit vreemd vind. So kan ‘n mens tot gesprekke kom. Toon ook belangstelling in die maats se omstandighede. Vra bv. hoe dit met haar ma gaan wat ‘n nekoperasie gehad het.

Nie al die kinders in my kind se klas, sokkerspan, karateklub sal my kind se maat wees nie. Tog moet my kind met almal vriendelik wees. Wanneer hulle ‘n bekende op straat sien, moet hulle nie wegkyk nie, maar groet. Leer jou kinders om na hulle maats om te sien. Daar is dalk ‘n kind by die skool of die klub wat nie baie maats het nie. Hulle moet probeer om die kind by die groep te betrek. Of dalk is daar ‘n kind wat sukkel met een van sy skoolvakke en kan jou kind help deur dit te verduidelik. Sorg ook dat jou kind weet hoe belangrik ‘n luisterende oor is. Daar is kinders met probleme wat net daaroor wil praat. Hulle soek net iemand wat luister.

Om goed te wees vir ons naaste is in Suid-Afrika nie moeilik nie. Daar is genoeg mense wat hulp nodig het. Betrek jou kinders by die hulpverlening. As jy jong kinders het, laat hulle geld vir die motoroppasser gee. Praat met respek oor die oom of tannie wat die motor oppas. Verduidelik vir jou ouer kinders hoekom jy nie geld vir die bedelaar gee nie, maar wel bereid is om kos te gee. By die Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn in Pretoria word daar Juliemaand ‘n insameling vir Kindersorg gehou. Moedig jou kind aan om nie net by ander in te samel nie, maar ook van sy eie geld gee. Gee as gesin ook bewus kos en klere vir hierdie projek. So is die kinders prakties betrokke by hulpverlening.

Jammer genoeg het ons in Suid-Afrika dikwels min kontak met ons bure. Dit is nie goed nie. Ons moet juis met ons bure saamleef. Wees vriendelik met hulle. Moenie dadelik kwaad wees as bure se kinders hulle bal op jou plante laat val nie. Help wanneer hulle hulp nodig het. Betrek jou kinders ook wanneer jy uitreik na ander. Moe-dig hulle aan om bv. ‘n tekening te maak vir die ou tannie wat langs julle woon as sy verjaar.
Deur gereeld met die bure te praat, kan ons van God getuig. Dit moet natuurlik nie te pas en te onpas wees nie. Wees bedag op negatiewe reaksie wat ons getuienis kan ontlok.

Die gebed is ‘n belangrike aspek van ‘n Christelike lewenshouding. Jou kind kan bid vir ‘n maatjie met probleme, vir ‘n siek buurvrou, vir arm mense wat nie in behoorlike huise woon nie. Leer jou kind dat die gebed ‘n kragtige wapen is. Kinders moet ook vir evangelisasie en sending bid. Ouers se gebed is ‘n voorbeeld vir kinders. Ons as ouers moet vir al hierdie en nog ander sake bid. Dit kan maklik gebeur dat ‘n mens vergeet om vir ‘n bepaalde saak, bv. sending, te bid. Daar is so baie wat jy moet onthou! ‘n Gebedsrooster is dan ‘n goeie hulpmiddel. Bepaal op watter dag jy vir watter saak bid. Op die dag wat die kerkraad vergader, kan jy vir die kerkraad bid. As daar by jou kinders op skool geld vir die sending ingesamel word, kan jy op dié dag vir sending bid. So kan ‘n rooster vir die hele week opgestel word. Leer jou kinders ook om self voorbidding te doen. Laat hulle ook self bid, aan tafel, of saam met jou as hulle gaan slaap.

Om ‘n Christelike lewenstyl vir ons kinders te leer, is nie maklik nie. Dit vra 24 uur per dag die regte voorbeeld. Gelukkig kan ons altyd hulp van God die Vader vra; Hy sal altyd gee wat ons vra.

Die tema’s wat volgende keer in KOMPAS bespreek gaan word:

September : Kerklike tradisies
Oktober : Erfenis
November : Glo en weet

IS DE LA REY OOK ONDER DIE PROFETE?

Ds Erik van Alten

ELDERS GELEES

Die stof rondom Bok van Blerk se opspraakwekkende liedjie genaamd "De La Rey" het vir 'n groot deel al gaan lê. Maar die feit dat daar so baie oor hierdie liedjie gepraat en geskryf is, laat die vermoede ontstaan dat hier meer gaande is as slegs die massahisterie rondom een of ander lekker-saamsing-deuntjie. Hierdie vermoede het daartoe gelei dat ek myself – as Suid-Afrikaner – dikwels in die laaste maande afgevra het wat die toestand van die Afrikaner-volk is. Hoe gaan dit met die Afrikaner-volk as De La Rey – en Super 14-rugby – oënskynlik die anker in talle Afrikaners se lewens geword het? Dr. ALA Buys verwoord en beantwoord hierdie selfde vrae op 'n besondere wyse in 'n artikel getiteld 'Is De La Rey ook onder die profete?' wat verskyn het in *Waarheid en Dwaling* van Junie 2007.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL
MONDSTUK: WAARHEID & DWALING

Dr. Buys begin deur daarop te wys dat die liedjie 'De La Rey' nie maar net 'n vergete gebeurtenis in herinnering roep nie. Die De La Rey-geslag gryp nie maar net terug na 'n voor-apartheidsgevoel nie. Nee, hier is 'n nuwe *taalbeskouing* ter sprake. Deur middel van die beeld/teken van De La Rey word betekenis *toegeken* aan 'n volk en 'n geslag wat voel dat hulle in die nuwe orde onderdruk word. Deur te hoor van 'n mitiese held wat eens die onderdrukte was, wat eens die reg aan sy kant gehad het, wat eens die vredemaker was, voel talle Afrikaners nou weer waardevol. De La Rey word hulle teken, hulle beeld, hulle betekenis. Teenoor die nuwe-orde-woorde wat op die De La Rey-geslag toegepas en afgedruk word, reageer hulle deur hul eie betekenistoekenning. Met hulle mitiese leier voel hulle haas onaantasbaar… Kom ons lees verder wat dr. Buys sê:

Die groot krisis van die De La Rey-generasie is nie dat hulle leierloos is nie. Hulle ís, maar dit is nie hulle grootste probleem nie.
Die De La Rey-generasie is profeetloos. God het ook álles te doen met hierdie profeetlose betekenis-soekende geslag wat so dreunsing en roep om leiding. Toe Saul as koning sy leiergesag op Dawid wou afdwing, tot die dood toe, het die Heilige Gees getoon dat koningskap sonder profesie die doodsreuk dra. Daarom dat nie net Saul se gesante nie, maar uiteindelik die kaal koning self, dag en nag geprofeteer het (1 Samuel 19:24). Wat die Afrikaners tans doen, wát die jong Afrikaners sing, het 100% alles met Jesus Christus se amp as Middelaar te doen; Hý wat as Priesterkoning, volgens die orde van Melgisédek, ook profeteer oor sy Vader, die Skepper, se wil: ook oor volke, hulle tale, hulle bly- of skuilplekke…

Wat nou dringend noodsaaklik is, is profete wat menslik, ontbloot, dié Profeet, Christus verkondig. Dit kan net deur die kerk se profetiese stem: die ware kerk, die kerk wat die verbond kan spel en verbond nie as blote verhouding verspeel nie.
Die De La Rey-geslag kort 'n profeet, of eerder hulle kort profetiese insig, 'n vergesig op dié Profeet, die Man in sy amp. Dan sal hulle die koning, die vors sien wat God op die regte tyd gee…

Ons kort 'n leier. Ja, maar eers 'n profeet. Eérs moet ons hoor dat woorde betekenis het, en nie dat betekenis, wat jy self kies om te hê of nie, woorde soek nie. Eérs moet ons weer hoor: In die begin was die Woord. *Die Woord, die* Logos, *het betekenis in Homself, want Hy is die Weg, en dié (nie 'n) Waarheid en die Lewe. Sonder Hom is geen betekenis-herkenning moontlik nie. Sonder Hom is herinnering kollektiewe geheueverlies. Anamnese (terugroeping in die herinnering) is en bly sonder die Man amnesie (geheueverlies).*

Hoor die profesie oor die herinneringswerk van die Heilige Gees. Hy laat jou onthou wat die Woord is; nie net as neergeskryfde herinnering nie, maar as die Lewende Woord, wat eerste was. Wat was daar voordat jy vergeet het, o mens? Afrikaner, wat was jy voordat jy jou eie woorde so waardevol geag het dat jy dink jy kan met mites onthou, of eintlik maak of jy onthou, wie jy eens was, net omdat jy nie van die benoemingswoorde van ander mense oor jou hou nie?...

Wat beteken dit vir die Afrikaner se selfbeeld? 'n Hele paar dinge. God se Beeld, sy Seun, die Man Jesus die Christus, sý vleeswording, Hý as Beeld bepaal alleen die waarde en egtheid van 'n selfbeeld. 'Hy is die Beeld van die onsienlike God' (Kolossense 1:15). Die Afrikanerkinders, die De La Rey-geslag, het nie 'n goeie of gesonde selfbeeld nodig nie. Dit is afgodery, want die Profeet waarsku: moenie op jouself vertrou nie. Moenie dink jy is iets werd omdat jy vir jouself 'n mooi mitologiese figuur ontsing uit

die verre verlede nie. Die waarde van 'n mens, in die hemel of die hel, die waarde van die mens op aarde, word bepaal slegs deur die skeppingsverbonds-verhouding met die Man wat eerste was, Hy wat as die Woord die betekenis van die skepping bepaal. Hy was in die begin. 'Alle dinge [ook ontplooide tale, volke en hulle grondgebied] het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.'
As die Afrikaners, jonges of oues, slimmes of dommes, leiers of leierloses, emigrante of immigrante in Afrika, hulself gaan probeer verstaan sonder die Man in sy amp, gaan hulle geheueverlies hulle hul lewe kos. Ons is nie meer soos die heidenvolke met wie Paulus gepraat het nie [Handelinge 17:27-31 – HHvA]. *God het toe die tye van onkunde oorgesien, maar nou nie meer nie, want aan ons is die opgestane Chritus verkondig. Die onkunde, die profeetloosheid is nie as gevolg van God se geheue wat haper nie. Hy het sy beloftes aan Abraham goed onthou en gestand gedoen. Hy is besig om alle volke in Abraham te seën. Hy het ons volk ook ter wille van Abraham geseën – ons, 'n groot deel van ons voorgeslag en 'n druppel van die huidige geslag, deel dieselfde geloof in die Messias as Abraham.*
Ons het in die drukte gekom. Ons ervaar hoe ons woorde weggevat word. Ons mag nie meer ons kinders – al is dit nog onnodig in die staatskole – in Afrikaans onderrig nie; meer as die helfte van Afrikaanse skole het dubbelmedium geword, en daarna Engels. Ermelo se hofuitspraak meet 5.5 op die Pandorskaal. Ons mag nie meer bly waar ons gebly het nie; meer as 800 Afrikaner-plekname is verander; ons word met moord van plek na plek verjaag, van een heining na nog 'n hoër heining. Ons volk verklein; ons hou meer begrafnisse as dope. Demografies is ons met 'n inploffing besig. 'n Paar rykes word ryker; die kruipende armoede verwoes soos 'n kanker 'n al hoe groter deel. Is dit verbondseëning op 'n volk wat eens die seëning van Abraham geken en geniet het?
Nee, dit is verbondswraak. Verklaar dit soos jy wil: ewolusionisties – net die sterkstes oorleef in Afrika; pessimisties – ons moes nooit in Afrika gewees het nie; gruwelik optimisties – wag vir die groot vigsgriep; bloeddorstig kortsigtig – wag tot die De La Rey's begin skiet in die groot oorlog. Spel dit soos jy wil: Afrikaner, jy is in die noute, die strop gaan al hoe stywer trek, want jy het nie jou identiteit vergeet nie, maar jou Profeet verag.

Nou probeer jy kunstig en kunsmatig met uitvindsels van jouself as mens, nou probeer jy met jou eie mitiese beeld(jies) vir jouself troos skep. Ek is 'n De La Rey, van 'n nasie wat weer op sal staan. Om wat te doen? Om voort te gaan om aan jouself betekenis toe te ken soos jy goedvind en uitvind, sonder dat jy God wat jy eens geken het, weer in die verbond opsoek? Wat is die waarde, klein De La Rey'tjies op 'n ry, as jou voortbestaan die kerk, die Profeet se kinders ook in ander volke, verder sal laat ly weens jou ongeloof? Is blote bestaan, met of sonder vryheid, blote oorleef-belewing, met of sonder geregtigheid, waardevol? Soek jy die Waarheid of maak jy 'n waarheid? Soek jy God – ook as volk – of soek jy jouself? Jy kan jouself nie verloor nie, waarom soek jy dan jouself? Jy kan egter God, jou verband, jou verbond met God verloor. Dit gee aan jou geheueverlies oor wie jy as mens, as mensdom in sy eenheid en verskeidenheid is. Soek jy die Beeld van God op, of soek jy 'n kollektiewe selfbeeld in jou post-moderne nasionalisme?
Kyk na Elia. Hy sê vir die Baäldienaars: skree 'n bietjie harder, miskien het julle gode gaan slaap. En as julle nie kan hoor nie, dan skree die profete nog 'n bietjie harder. Afgode is hol goed, leeg. Sing jy dan nog 'n bietjie harder, sing dit nog 'n keer: De La Rey, De La Rey, sal jy die Boere kom lei? Generaal, generaal ... *leer dit vir die kleintjies, bal jou vuis en voel hoe jou hart klop. Ek dink ek begin onthou wie ek is. Ons almal weet ons wil dalk weer Boere wees. Sonder dié Man beteken jou lied niks. Dit is blote afgodiese liturgie in die winkelsentrum-tempel. Dit is lewensgevaarlik, want jy bid nie; jy roep nostalgies 'n leier uit die as op. Hoe baie is die demagogiese dwase wat so graag op jou roepstem wil antwoord gee. Daar sal vele kandidate wees, en jy sal soos een man om hul val, terwyl jy soos een man om dié Man, die Verbondshoof en Hoof van die skepping, Jesus Christus, aanbiddend moes staan. Die volk wou in Samuel se tyd 'n leier, 'n koning hê – soos die heidenvolke rondom hulle. Afrikaner, jy roep jou koning van die verhoog af, jy sing jou hartseer lied van jou vrou en jou kind wat in 'n kamp lê en vergaan, maar as jy nie éérs na die Profeet gaan luister nie, gaan jy dalk 'n leier of twee kry, maar hy gaan jou oor die hel se afgrond stort, want jy bly dink dat jou waarde uit jou verwarde woorde kan kom. Jy het vergeet; nie jou ou-ou liedjie van jou eie identiteit nie, maar jy het die Profeet vergeet. As jy maar weer wil onthou dat die Woord in die begin [al] daar was; dat jou betekenis in jou belydenis van Hom lê. Het God, wat alle volke, tale en nasies laat voortkom het, het die Skepper behae daarin om jou uit te wis omdat jou Afrikaans anti-Christelik taalkragtig geword het; omdat Psalm 2 oor jou*

sing dat jy teen die Gesalfde opstaan? Het God nie behae daarin dat jy tot bekering kom en lewe nie?

Hoe gaan dit met die Afrikaner-volk? As ek na dr. Buys luister, word my vermoede bevestig dat hierdie volk vir 'n groot deel sy identiteit in Christus verloor het, en nou aan strooihalms vasklou om sin en betekenis aan sy bestaan te gee – De La Rey, De La Rey, sal jy die Boere kom lei…? Sien ons nie al vir jare lank dieselfde in Nederland, die land van herkoms van baie van ons lidmate, nie?

En wat met volke gebeur, kan ook met kerke gebeur… Laat ons die Woord, wat in die begin al daar was, nie vergeet nie; laat ons ons Profeet nie verag nie, maar laat ons steeds ons betekenis vind in ons belydenis van Hom!

DS C SPOELSTRA (1860-1918) "NIKS MINDER AS REG NIE!" deur dr Jan W Meijer

Henk Schuring

BOEKBESPREKING

Die ywerige pen van dr Jan Meijer het weer eens goeie vrugte afgewerp deur 'n nuwe publikasie die lig te laat sien. Dit handel oor die lewe en werk van ds Cornelis Spoelstra, 'n Nederlandse predikant wat teen die einde van die 19de eeu na die ZAR gekom het om as tweede predikant van die Nederduitsch Hervormde kerk te Pretoria diens te verrig.

Die studie oor ds Spoelstra is deur die outeur deeglik nagevors en berus hoofsaaklik op primêre bronne, waardeur dit moontlik was om 'n nuwe perspektief op die lewe en werk van ds Spoelstra aan te bied.

Die outeur het daarin geslaag om 'n interessante en insiggewende geheelbeeld van die veelbewoë en tragiese lewe van eerwaarde Spoelstra te skets. Die boek is verdeel in 12 kort hoofstukke: 'n Inleidende verantwoording oor C Spoelstra; Jeug en Studiejare; Predikant te Zoeterwoude; Na Pretoria; Predikant te Pretoria; Botsing met die Ned. Herv. Kerk; Navorser in Kaapstad en Nederland; Predikant te Heino; Die "Bouwstoffen"; Die Keerpunt; Die Laaste Jare; en Evaluering; met as toegif 'n preek van ds Cornelis Spoelstra oor die Wyse en Dwase Maagde (Matth. 251-13). Ons kan nie die hele boek bespreek nie, maar wil 'n paar aspekte van die outeur se studie oor Spoelstra uitlig, wat besonder boeiend en interessant is.

Konflik en stryd van ds Cornelis Spoelstra

Die outeur gee 'n goeie uiteensetting van die konflik en stryd van ds Spoelstra teen die eersugtige en outokratiese ds Goddefroy, maar die skrywer laat ook duidelik uitkom dat daar 'n verskil in geestelike agtergrond by Spoelstra was. Hy was gevorm deur die etiese rigting, voorgestaan en uitgedra deur sy leermeester, prof JH Gunning. Hierdie visie verskil hemelsbreed van die geestesrigting van die Hervormde Kerk in die ZAR, wat haarself gesien het as die draer van die ou Voortrekker-ideale, naamlik om vry te wees van alle Britse invloede en die verwerping van gelykstelling van blankes en gekleurdes. Vir Spoelstra was die inwendige en uitwendige sending belangrike take vir die kerk; hy het vrymoedig daaroor gepraat, maar dit het teenstand opgeroep, omdat dit gesien is as gelykstelling en vermenging van die rasse.

Hierdie verskillende visies oor die kerk en haar roeping het Spoelstra nie onaangeraak gelaat nie en die skrywer verstrek in hierdie verband 'n baie insiggewende sitaat van Spoelstra self:

"Uit de werken van mannen als Prof. Hofmeyr en Ds. Andrew Murray had ik reeds een zegen ontvangen, vóórdat ik ooit in de gelegenheid was hen persoonlijk te ontmoeten. Doch ik mag niet naar de Kaapkolonie reizen om deze vaders in Christus de hand te drukken – want dan ben ik een verrader der Herv. Kerk; dan heb ik Engelsche sympathiën; dan ben ik onbruikbaar in de Zuid-Afrikaansche Republiek. En, eerlijk gezegd, ik deug ook volstrekt niet voor de rol die men in de Herv. Kerk van mij verlangde. Ik kon niet meedoen met dat minachten en verguizen der broederen; ik kon dat schelden op de 'Kaapsch-Engelschen' niet aanhooren, omdat het van de Hervormden geldt: *zij lasteren wat zij niet kennen;* ik kon mij niet laten gebruiken voor een nijdige oppositie-

kerkje als een stormram tegen de Verenigde Kerk.
De idee van kerk, die ik bij mijn leermeester Prof. Gunning heb gekregen, is zóó verheven en zóó gewijd, dat mijn hart bloedt onder alle kerkelijke twisten. En waar ik ook ben zal ik naar eenheid zoeken met de kinderen Gods, onder wat naam of vorm der jammerlijk verscheurde christenheid zij dan ook mogen doorgaan. Hoe kan ik dan met Goddefroy en Joubert de fakkel der tweedracht slingeren door Transvaal – en dan nog wel onder den valschen schijn van vrede en liefde?"

Daarby vermeld die outeur dat dit die kern van die probleem raak: "Spoelstra was die verkeerde man, op die verkeerde tyd en op die verkeerde plek".

Botsende karakters: ds Goddefroy en ds Spoelstra

Bykomend het die skrywer op 'n simpatieke en insiggewende manier die tekortkominge of gebreke van beide Goddefroy en Spoelstra se karakters aangedui:

"Goddefroy was 'n man van grootse allure en met besondere apologetiese en strydvaardige gawes. Hy was in die jare na die mislukte kerkvereniging van 1885 die regte man om die Hervormde Kerk weer te re-organiseer en sy bestaansreg te verdedig en te bevestig. Dié taak het hy met groot welslae volbring en die sukses het hom 'n byna onaantasbare posisie binne die kerk gegee. Maar Goddefroy het ook ander karaktertrekke gehad. Hy het graag in hoë kringe verkeer en 'n weelderige lewenstyl gesoek, 'n strewe wat met slordigheid in geld- en ander sake gepaard gegaan het. Daarby kom dat hy hooghartig was en sterk outokratiese neigings vertoon het. Goddefroy was nie bereid om na 'n ander se saak te luister as daar 'n verskil bestaan het nie".

"Teenoor die baie praktiese en pragmatiese Goddefroy staan die etiese en idealistiese Spoelstra. Vir hom was dit belangrik dat die gemeentelike lewe goed georganiseer word, dat daar kennis van die Skrif, geloof in die Heiland en 'n opregte vrome lewenswandel sal wees. Die prediking, katkisasieklasse, huisbesoeke en inisiatiewe tot maatskaplike opheffing moes daarvoor alle aandag kry. Daarby het Spoelstra se idealistiese lewensuitkyk hom partykeer kontak met die werklikheid laat verloor. Die gebrokenheid van die lewe waardeur allerlei sondige verskynsels, ook binne die kerk en tussen die ampsdraers onderling, voorgekom het, het hom baie gepla".



Cornelis Spoelstra as jong teologiese student

"Die grootste swakte wat Spoelstra ondervind het, was sy onvermoë om probleme op te los. Hy het nie die vermoë gehad om rasioneel die kernoorsaak van 'n probleem te identifiseer om vervolgens daarop te konsentreer en daarvoor 'n oplossing te soek nie. Dit kom duidelik uit in sy verweerskrifte waarin hy op 'n baie helder manier sy griewe begin uitspel, maar hoe verder hy vorder, hoe meer raak hy verward in 'n oorvloed van bykomstighede. En wanneer hy dan tydens die behandeling van sy griewe die kans kry om die kern van die probleem aan die orde te stel, dan glip die geleentheid hom deur die vingers, omdat hy nie tussen hoof- en bysake kan onderskei nie"

Aan die einde van die lewensverhaal gee die outeur 'n waardevolle evaluasie van die miskende pastor Cornelis Spoelstra en kry die leser deur hierdie studie 'n meer gebalanseerde beeld van sy strewes, mislukkings, prestasies en Christelike geloof. Ons kan saamstem met die outeur as hy tot die gevolgtrekking kom:

"Dit is verstaanbaar dat Spoelstra deur sy felle uitlatings oor die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika onder die Hervormde kerkhistorici geen goeie naam het nie. Maar in die offisiële geskiedskrywing word slegs aandag gegee aan die Pretoriaanse episode. Daardeur word baie feite in 'n eensydige lig geplaas en word daar aan die persoon (en werk) van Spoelstra geen reg gedoen nie".

Hierdie uitspraak is heeltemal korrek as in ag geneem word dat die kerkhistorikus SP Engelbrecht, in sy "*Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika", 1953*, met geen woord melding maak van Spoelstra se tweedelige magistrale werk *"Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika"* nie. 'n Deeglike bronnepublikasie met 'n omvang van 1356 bladsye. Die werk het orals 'n goeie ontvangs gehad en is aangedui as "van onskatbare waarde vir kerkhistoriese navorsing en geskiedskrywing". Daarmee het Spoelstra sy naam in die Suid-Afrikaanse historiografie vir altyd gevestig. Engelbrecht is sterk negatief oor Spoelstra se optrede en publikasies en beweer dat sy koms 'n baie groot mislukking was. Geen wonder dat die outeur die kritici van Spoelstra tereg bevraagteken weens hulle eensydige benadering en beoordeling van Spoelstra, waardeur hulle self verval in die eensydige "Spoelstra-skool van geskiedskrywing".

Positiewe karakter eienskappe van ds Spoelstra

Ten spyte van baie probleme, teenkanting, verguising en eie gebreke was ds Spoelstra se werk as predikant nie vrugteloos nie. Hy was ywerig en het met groot toewyding sy ampsdiens verrig, waarvoor hy ook waardering ontvang het. Die outeur wys daarop dat hy die leer van die Reformasie van harte aangehang het:

"…maar in die praktyk van die geloofslewe sterk aandag gevra vir ingetoënheid, betroubaarheid, hoë morele waardes, evangelisasie, sending en barmhartigheidsbetoon. Sy prediking was ook meer daarop gerig as op die bevestiging van en onderrigting in dogmas. Met hierdie agtergrond het hy in Suid-Afrika aansluiting gevind by die NG kerk waar metodistiese beïnvloeding plaasgevind het. Tog was Spoelstra wesenlik meer 'n leerling van die Piëtisme en die ou skrywers van die Nadere Reformasie as 'n volgeling van die Angelsaksiese Metodisme. Hierdie Piëtistiese agtergrond het hom die nodige affiniteit gegee met die eenvoudige boerebevolking in Transvaal".

Beoordeling

Die skrywer het 'n aangename en duidelike skryfstyl en ek kon die lewensverhaal van Cornelis Spoelstra nie neersit totdat ek dit klaar gelees het nie. Ek wil sonder enige twyfel die boek sterk aanbeveel vanweë die nuwe, boeiende en wetenskaplik verantwoorde perspektief op die lewe en werk van ds Spoelstra. Taalpuriteine sou miskien enkele opmerkings kon maak oor hier en daar Nederlandse uitdrukkings of gesegdes, maar vir my was dit nie hinderlik nie, en by nader ondersoek is die sogenaamde Neerlandismes in die meeste gevalle erkende Afrikaanse woorde of uitdrukkings.

Vormgewing, illustrasies, landkaarte en drukwerk

Daar word dikwels vertel dat, wanneer iemand 'n onbekende persoon vir die eerste keer ontmoet, dit 'n blywende indruk nalaat, hetsy positief of negatief. Sonder om te kwistig te wil wees met die heuningkwas, kan 'n mens nie anders nie as om beïndruk te wees met die aantreklike vormgewing van die publikasie. Die boek is in 'n sagteband uitgegee en beslaan 100 bladsye (grootte 24cm x 18cm). Die voor- en agterblad is 'n glansende donkergrys kleur met op die voorblad 'n foto van Cornelis Spoelstra as jong man, met 'n sagte fokus, wat as 't ware die indruk skep dat hy uit die verlede na die hede beweeg, met daaronder 'n afdruk van sy handtekening in silwerkleur.
Die boek self is pragtig geïllustreer en alle illustrasies is stylvol gerangskik. Sommige onderskrifte van die illustrasies bevat 'n aanhaling uit die teks, maar met 'n ander lettertipe wat die aantreklikheid van die boek verhoog.

Die teks in paragrawe is met breë kantlyne uitgelê, wat die leesbaarheid van die teks verhoog. Besonder verdienstelik is die stylvolle, kreatiewe plasing van illustrasie en teks op bladsye 6 en 7; 16 en 17; en 62 en 63. Verder kan 'n mens die skrywer dankbaar wees dat hy weet hoe belangrik 'n landkaart is waarop die ligging van die plekke onder bespreking aangedui word, derhalwe is drie kaarte opgeneem, nl. Nederland, Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en die Kaapkolonie.

Die outeur het hom wetenskaplik verantwoord deur 'n bibliografie op te neem bestaande uit geraadpleegde literatuur, argief-ondersoek, koerante en tydskrifte, internet, gesprekke en korrespondensie, asook 'n onderwerpregister en verantwoording van gebruikte illustrasies. Die druk en bindwerk is van hoë gehalte. Die boek is deur die skrywer self.

Prys van boek

Die prys van die boek is slegs **R70.00** (versendkoste uitgesluit) en diegene wat graag die boek wil koop, sal moet gou speel, want die eerste oplaag is klein. Ons wil vertrou dat binnekort 'n tweede druk nodig sal wees.
Die boek is beskikbaar by Elsbeth van der Linden (Kaapstad – 021 9197832) of Louise Ros (Pretoria – 012 332-0127).

Ten slotte

In die 19de eeu in Nederland het kinders op skool met 'n griffel ('n pen of stif) op 'n lei geskrywe en as jy goed presteer, het jy 'n puntetoekenning van 10 ontvang met 'n nuwe griffel. In dieselfde trant wil ons dr Jan Meijer hartlik gelukwens met hierdie puik wetenskaplike en goed leesbare, aantreklike publikasie en is ons eindbeoordeling :

"Een tien met een griffel!"

Uitgewer: J W Meijer, Pretoria, 2007

FOLMER BOEKHANDEL
Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530
Tel: (021) 948-5883
e-pos: folmerboek@telkomsa.net
Posbus 1453, Sanlamhof 7532

Boekenuus

- **Mijnhardt, F A: Afrikaanse Bybelkonkordansie**

Gegrond op die Afrikaanse vertaling van 1933/1957 en hersien en uitgebrei met die 1983-vertaling. Hierdie waardevolle Bybelstudie-hulpmiddel bevat ongeveer 200 000 teksverwysings wat elkeen voorsien is van 'n kernagtige, maar sinvolle aanhalingsgreep waaruit die teksverband afgelei kan word. Verder is daar ook waardevolle registers van die planteryk, diere, edel-gesteentes, mate, gewigte en munte, tye en maande wat in die Bybel gebruik word.
(Normale prys R 369.95 – spesiale prys R 260 solank voorraad hou)

- **Nieuwenhuis, E (samesteller): Die Heidelbergse Kategismus. Kompleet met Volledige Tekste**

Die gesag van die "Heidelberger" lê daarin dat dit die Skrif naspreek. Die aantal tekste wat by elke vraag en antwoord gevoeg word, is die klinkklare bewys daarvan.
Uit die praktyk blyk egter dat die blote verwysing na die Bybelteks nog nie beteken dat elke belyer en gebruiker van die Kategismus met die Skrif besig is nie. Dié gewaarwording het die skrywer daartoe gebring om al die teksverwysings volledig weer te gee, sodat dit saam met die belydenis gelees en oordink kan word. 'n Waardevolle skat word ontgin as die Kategismus binne die geheel van die Skrif bestudeer, bely en beleef word.
(2007) (R75)

- **Stam, C: The Spirit and the Bride**

In hierdie boek bespreek Clarence Stam 'n aantal Bybelgedeeltes wat handel oor die Persoon en die werk van die Heilige Gees. Hy wil daarmee aantoon dat die Heilige Gees die verlossingswerk van Jesus Christus vervolmaak en voltooi. Die Heilige Gees kom woon in die kerk van Christus, sy heilige bruid, om haar voor te berei vir die groot bruilofsmaal van die Lam. Dit is deur die Gees dat die bruid kan sê: 'Maranata, Here Jesus, kom gou'.
(R 142)

- **Huizinga,W: The Way. A preconfession course**

Hierdie publikasie het ontstaan uit die vraag na kursusmateriaal wat gebruik kan word in die belydenisklas van die weeklikse katkisasie. Daar was ook 'n begeerte om meer eenvormigheid in die aanbieding van lesse by die verskeie gemeentes in Australië te bewerkstellig. Veral van waarde wanneer katkisante van een gemeente na 'n ander verhuis. Hierdie kursus gee 'n oorsig van al die kategese-materiaal wat in voorafgaande jare gedek is. Hierdie is 'n vertaling en verwerking van die Nederlandse "De Weg" geskryf deur M K Drost en C J Smelik.
(R 140)

- **The Three Forms of Unity**

'n Publikasie saamgestel deur die Canadian Reformed Churches. Dit bevat die Engels tekste van die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, asook die Ekumeniese Belydenisskrifte. Dit bevat ook 'n teksregister met kruisverwysings tussen die Drie Formuliere van Eenheid.
(R 110)

Folmer Boekhandel (Pretoria)
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
0186 Môregloed
Tel/Faks: (012) 333 8064
e-pos: folmerpta@mweb.co.za
Posbus 26489
0031 Gezina

NAAMSVERANDERINGS – WAAROOR DIE OPHEF?

Willie Spies

POLITIEK

Protes nie oor name alleen nie, maar oor wyse waarop regeer word

Naamsveranderings is sedert 1994 één saak waaroor lede van die publiek uit die hoofsaaklik wit en Afrikaanssprekende gemeenskap in Suid-Afrika hulle apatie oor politieke sake opsy kon skuif. Groot straatoptogte het al oor die beoogde verandering van Pretoria en Potchefstroom se name plaasgevind en die saak bly omstrede.

Die gemeenskap van Louis Trichardt het ook onlangs suksesvol Appèlhof toe gegaan en dit reggekry om die verandering van hulle dorp se naam na Makhado te laat omkeer.

Enkele maande gelede het die hoofsaaklik Zoeloe-etniese party, die IVP, ook die aandag getrek met ‘n reuse protesoptog in Durban waaraan tienduisende mense deelgeneem het. Hier het dit ook gegaan oor beoogde naamsveranderings. In dié geval was dit die ANC-beheerde Metroraad se planne om die naam van die Mangosuthu-hoofweg – wat na die IVP-leier en voormalige Hoofminister van Kwa-Zulu, dr Mangosuthu Buthelezi, vernoem is, te hernoem na ‘n ANC *struggle*-held.

Naamsveranderings is egter niks nuuts nie. Voorbeelde is regdeur die geskiedenis te vinde en dateer selfs uit die Bybelse tyd.

Bybelse voorbeelde

God het dikwels die name van mense verander om daardeur ‘n besondere verbintenis te bevestig. Abram het Abraham geword, Sarai het Sara geword, Jakob Israel en in die Nuwe Testament Saulus Paulus, om maar net ‘n paar voorbeelde te noem.

Naamsveranderings van plekke is ook ‘n verskynsel wat al sedert Bybelse tye te vinde was, veral wanneer gedenkwaardige gebeure of wonders plaasvind. Abraham hernoem byvoorbeeld die berg Moria na die Hebreeuse woord wat beteken “die Here sal voorsien” - nadat God uitkoms gee en Isak ‘n offerdood spaar. Uiteraard was die samelewing van die vroeë Bybelse tyd anders as vandag. ‘n Naamsverandering van ‘n plek is nêrens geproklameer of andersins wettig of amptelik gemaak nie. Dit was ‘n samelewing waarin die mondelinge tradisie geleef het. Name is in familie- en stamverband van geslag tot geslag oorgedra, daarom was dit sekerlik moontlik dat vir een stam een naam geld en vir ‘n ander stam weer ‘n ander naam.

Dit is waarskynlik die rede waarom die verskynsel van verskillende name vir dieselfde plek volop voorkom. Jerusalem staan byvoorbeeld in Bybelse en na-Bybelse literatuur onder soveel as 70 name bekend. ‘n Paar voorbeelde van hierdie name was Salem (Gen. 14:18), Sion (op 154 plekke in die Bybel gebruik, veral in die Psalms), Moria (Gen. 22:2), Jebus (Rigt. 19:10) en Ariël (Jes. 29:1). Uiteraard was daar nie ‘n noodwendige chronologie waarin die name gebruik is nie. Die name is eerder afwisselend van geval tot geval gebruik. Hier was dus nie sprake van formele veranderings van name nie, maar eerder ‘n afwisselende gebruik van verskillende name vir dieselfde plek.

Dan het Jerusalem ook nog verskillende name gekry by elke bewindhebber wat die stad deur die geskie-denis beheer het. Die Romeine het die stad Aelia Capitolina genoem, en die Moslem-bewindhebbers van die Middeleeue en daarná: Al-Quds en Bayt al-Muqaddas. Bewindhebbers het natuurlik, anders as die meeste gewone mense, geskrewe rekords gehou. Stede en streke moes immers geadministreer word en die name wat in die amptelike rekords sou voorkom, sou natuurlik afhang van wie die bewindhebber op die bepaalde tydstip was.

Algemene geskiedenis-voorbeelde

Namate modernisering in die wêreldgeskiedenis plaasgevind het, het die verskynsel van formele en amptelike name vir plekke begin posvat. Die neiging tot standaardisasie van elke aspek van die samelewing het ook begin deursyfer. Standaardisasie laat natuurlik nie werklik ruimte vir verskillende name vir dieselfde plek nie. Toenemend het die name wat ‘n bewindhebber aan plekke gee, dus die amptelike name van daardie plekke geword.

Die wêreldstad New York het aanvanklik ná sy stigting deur Nederlandse owerhede in 1624 as Nieu Amsterdam bekend gestaan. Na die Engelse besetting word die

stad herdoop na New York. Daarna is die stad se naam weer na Nieu Oranje verander tydens 'n kortstondige Nederlandse besetting vanaf Augustus 1673, maar ná die finale oordrag van die Nederlandse gebie-de in Noord-Amerika na Engeland in November 1674 het die stad se naam finaal na New York terug verander.

Ook die voormalige Russiese hoofstad, St Petersburg (vernoem na die Apostel Petrus), het sedert sy stigting in 1703 verskeie naamsveranderings ondergaan. Vanaf 1914 tot 1924 staan die stad bekend as Petrograd en vanaf 1924 tot 1991 as Leningrad en sedertdien weer as St Petersburg. Weer eens het die naamsveranderings verband gehou met politieke veranderings en verskuiwings van die magsbalans in die land.

Sedert die 1950's het die verandering van plekname en afbreek van koloniale simbole in Afrika ná dekolonisasie algemeen voorgekom. Die Goudkus het Ghana geword, Noord-Rhodesië het Zambië geword, Suidwes-Afrika het Namibië geword, Kongo het Zaïre geword – net om 'n paar jaar gelede weer tot die Demokratiese Republiek van Kongo herdoop te word. Die verband tussen die verandering van bewind en die verandering van name in dié geval was dus voor-die-hand-liggend.

Standaardisasie van plekname

Te midde van die proses van internasionalisering en globalisering word die standaardisasie van plekname nog internasionaal gesien as 'n noodsaaklike voorvereiste vir ontwikkeling, groei en kommunikasie. Die Verenigde Nasies het selfs vir dié doel 'n spesiale werkgroep, bekend as die *United Nations Group of Experts on Geographical Names (UNGEGN),* op die been gebring. Die werkgroep bestempel dit byvoorbeeld in sy reklamemateriaal as 'n ernstige potensiële probleem indien daar duplikasie van name in rampgeteisterde gebiede bestaan, omdat dit verwarring kan skep omtrent lokaliteite waar hulp verleen moet word. Die vraag is natuurlik of hierdie potensiële probleem vandag nog bestaan, gegewe die gevorderde inligtings- en GPS-tegnologie wat vandag net so beskikbaar en toeganklik as 'n konvensionele gedrukte atlas geword het, maar dit is 'n aparte debat.

Die feit dat Suid-Afrika hom daartoe verbind het om die proses van standaardisasie ook plaaslik in te faseer, is van meer belang wanneer die naamsdebat in oënskou geneem word. Dit beteken dat die Suid-Afrikaanse regering hom daartoe verbind het om 'n proses aan die gang te sit om uiteindelik vir elke dorp of stad slegs één amptelike naam te hê. In praktyk beteken dit dat daar nie ruimte gaan wees vir die amptelike gebruik van Tshwane of Pretoria of dan iPitoli (die Zoeloenaam vir Pretoria) wanneer van die hoofstad gepraat word nie, maar dat net een van die name uiteindelik amptelike status sal geniet. Dit is dan ook in hierdie proses van keuse-uitoefening waarbinne geweldige emosies opgewek word en waaroor in die artikel verder besin word.

Waarom die emosie?

Indien daar dan aanvaar moet word dat die proses van standaardisasie moet plaasvind (wat natuurlik de-batteerbaar is), is die vraag waarom minderheidsgemeenskappe so emosioneel raak oor die ontwikkelings en of dit werklik geregverdig is. Christene mag dalk vra of 'n stryd oor die behoud van name (wat meestal mense vernoem) werklik onder Christene tuishoort. Is dit nie maar 'n vorm van mense-verering nie?

Wanneer die vraag in isolasie beskou word, sal die antwoord waarskynlik "ja" wees. Die stryd om behoud van name kan nooit deur Christene gevoer word asof die naam alles is en ten alle koste eerbiedig of beskerm moet word nie. Wat egter veel belangriker is, is die konteks waarbinne naamsveranderings plaasvind en of dit spreek van regering in belang van al die onderdane van die regering.

Hierbo is uitgewys hoe naamsveranderings van plekke gewoonlik gepaard gegaan het met politieke magsverskuiwings. Naamsveranderings is in baie gevalle byna 'n noodwendige gevolg van groot politieke omwentelings.

Suid-Afrika was egter anders – so het baie geglo. Die politieke skikking van 1994 was algemeen aanvaar om nie 'n skikking van wenners en verloorders, van veroweraars en verowerdes, te wees nie. In dié opsig verskil Suid-Afrika dus van al Afrika se voormalige kolonies. Daar het koloniale besetters die besetting beëindig en voormalige administrateurs en goewerneurs het hulle weer in hul moederlande gaan vestig. In Suid-Afrika het die groot meerderheid van die wit minderheid gebly. Hulle het gebly met die hoop om steeds in die land aanvaar te word en steeds 'n rol as Suid-Afrikaners te speel. Indien dié benaderingswyse ook die deurslag kon gee in die beleid wat gevolg word ten opsigte van plekname, kon dit beteken dat daar ruimte geskep word vir meerdere name vir plekke – 'n verskynsel wat nie ongewoon is in lande met diverse bevolkings nie. In Ierland byvoorbeeld word elke pleknaam in sowel Engels as in die Ierse taal aangegee. So word ruimte vir albei geskep.

Maar hierdie ideaal-beeld, wat waarskynlik by die meeste wit Suid-Afrikaners en minderhede geleef het, is egter tot in sy fondamente geskud met die onlangse publikasie van 'n onderhoud met die Minister van Kuns en Kultuur, dr. Pallo Jordan, vroeër vanjaar in die Sondagblad *Rapport*. In antwoord op 'n vraag wat hy maak met die regte van mense wat graag die name van plekke soos Pretoria en Potchefstroom behoue wil laat bly, het hy soos volg gereageer: *"Hoekom reken Pretorius se afstammelinge dat húl regte nou saak maak? ...Met perde en wapens en waens kon Pretorius en die Voortrekkers teenstanders vermoor, hul beeste vat, van hul kinders bediendes maak. Dáárdie mense se regte het nie vir Pretorius saak gemaak nie."* Hierdie woorde van die minister het by mense die realiteit laat deurdring dat die politieke proses wat aan die gang gesit is, nie 'n proses van regering, regstelling en standaardisering is nie, maar van wraak en vergelding.

Die reaksie teen die beoogde naamsveranderings is dus veel eerder 'n reaksie teen die marginalisering van minderhede, misdaad, korrupsie en swak regering wat met die nuwe naamgewers gepaard gaan, as 'n stryd om die verering van mense of die behoud van 'n naam.

Die regering behoort dus aangemoedig te word om te besin oor sy beleid van naamsveranderings en ruimte te laat vir die unieke verskeidenheid van Suid-Afrika se bevolking. In Ierland, Skotland en Wallis sowel as verskeie ander Europese lande is die erkenning van verskeidenheid in plekname algemene gebruik, en hoewel dit 'n klein simboliese gebaar is, kan dit as 'n instrument van versoening 'n reuse verskil ten gunste van vreedsame naasbestaan in die land maak.

ONS SENDINGSROEPING (2)

- gelees in *Die Kerkblad* van Maart 2007

Hans Snijder

GELEES IN KERKBLAD

Die vorige artikel van prof. Koos van Rooy het die bevel van ons Here Jesus Christus as uitgangspunt gehad: Gaan en maak al die volke tot my dissipels. As ons getrou is aan ons Koning Jesus, mag ons aanspraak daarop maak dat Hy met ons sal wees. In hierdie tweede artikel word die hoe en waarheen bespreek.

'n Saak wat spoedig dringende aandag moet geniet, is die sustentasie aan bestaande kerke onder swart Afrikane. Die meeste Gereformeerde kerke onder hierdie mense het ontstaan uit sendinginsette deur plaaslike, Afrikaanssprekende kerke. Hierdie insette was 'n loflike saak. Dit is egter in baie gevalle gedoen deur mense sonder ervaring of kennis van sendingbeginsels. Die resultaat was dikwels oppervlakkige sendingwerk en geen gemeentebou nie. Die een aspek van die sendingsopdrag – "maak van hulle dissipels" – het glad nie tot sy reg gekom nie. Daardie gemeentes het nooit geleer om te offer nie, want hulle was nie geleer wat die konsekwensies van dissipelskap is nie. Hulle het dus vir 50, 60 jaar finansieel van die Afrikaanssprekende kerke afhanklik gebly.

Is dit wat ook ons in gedagte moet hou? Prof. Van Rooy gee 'n geneesmiddel:

'n Groot prioriteit moet dus wees om hierdie kerke die beginsels van

dissipelskap te leer, dan sal hulle vanself finansieel selfstandig word. Om kerke vir 'n onbepaalde tyd te abba, bots nie alleen met die Bybel nie, maar ook met alle beginsels van gesonde sendingbeleid. As mense nie leer om te offer vir die gemeente van die Here nie, bly dit vir hulle 'n goedkoop, minderwaar-dige saak. Dit is 'n ernstige saak hoe lank gemeentes wat nie lewensvatbaar is nie, nog sustentasie behoort te

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
Tel. 012 332 0943
E-pos (Stigting):
berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker:
Printburo
Tel. 012 335 9134

Redaksie:
Greet de Vries
Hans Moes
Petro Hofsink
Juul Douma
Riaan van Alten
Herman van der Linden

Redaksieadres:
e-pos: jdouma@absamail.co.za

Saxenburgsingel 14
Oakglen
Bellville 7530
Tel 021 919 5176

Administrasie:
Mev. L Ros
Posbus 23931
Gezina, 0031
Tel. 012 332 0127

Nederland:
Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):

E-pos	RSA	R40
	Buiteland	€10
RSA	per hand	R90
	per pos	R110
Buiteland:		
	Seepos	€30
	Lugpos	€40

ontvang. Sulke gemeentes moet òf hulle bekeer en dissipels word wat self die evangelie uitdra, òf aan hulle lot oorgelaat word.

Tydens ‘n debat met die Sending-kommissie het die lewensvatbaar-heid van ons sendinggemeentes ook ter sprake gekom, maar of ons hier-die uitspraak sou kon maak, is nie ‘n vraag nie. Dit sou dalk die moeite werd wees om ‘n keer met prof. Van Rooy oor hierdie vraag te praat.

Oor kerkplanting:

“Maak hulle dissipels” – hierdie tipe sendingwerk is egter glad nie meer die reël nie en is stadig aan die verbygaan. Daar is nou min volke in Afrika waar nog geen kerk is nie. Sendingwerk in die toekoms gaan meer en meer die karakter aanneem van die geestelike toerus-ting van leiers van bestaande kerke, maar dan in die volle sin van dit wat ons Here Jesus noem: ” Maak hulle dissipels.”

Hier gee die Here aan ons ‘n prag-tige en opwindende geleentheid. Nie alleen oppervlakkigheid nie, maar naakte sinkretisme vier in hierdie kontinent hoogty. Baie van die ou, gevestigde kerke sing hartlik saam in die koor van sinkretisme, en bepleit vanaf die kansel rituele verering van dooie voorouers. Dit sluit kerke in van, op papier, gere-formeerde belydenis.

Met ‘n paar, maar veel betekende, sinne sluit ek af, met dank aan prof. Van Rooy:

Dit maak ‘n mens opgewonde as jy dink aan die ontsaglike bydrae wat Gereformeerdes tot die ontwikkeling van die teologie in Afrika kan maak. Van die mees sinvolle bydraes wat ons tot die groei van die evangelie in Afrika kan maak, is die teologiese inrigtings by Mukhanyo, Mojadi en elders, waarin die gereformeerde teologie en Skrifkennis vir soveel kerkleiers beskikbaar kom.

•‡•‡•

Kennisgewing:

Van 25 Julie tot 10 Oktober is in verband met afwesigheid van Juul Douma, die redaksie-adres vgkcpt@mweb.co.za